



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE ASSESSERING ALGEMENE ONDERWYSSERTIFIKAAT (AOS)

2022 GRAAD 9 PROEFSTUDIE

Vak: Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Punte: 70

Tydsduur: 120 Minute

Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye, uitgesluit die voorblad.

Instruksies aan die leerder:

1. Lees al die instruksies en vrae noukeurig deur.
2. Beantwoord al die vrae.
3. Beantwoord al die vrae in die antwoordboek wat verskaf word.

Die toets begin op die volgende bladsy.



Moenie omblaai voordat jy gesê word om dit te doen nie.

AFDELING A

Vraag 1: Leesbegrip

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Vanaf vervoer van presidente tot die vlieg van 'n AIRBUS

Die reis van Loods Refilwe Moreetsi

- 1 Refilwe Moreetsi was sewe jaar oud toe sy die eerste keer haar voete in 'n vliegtuig gesit het. "Dit was gedurende 'n familie uitstappie Durban toe," onthou sy met groot opgewondenheid, terwyl ons oor die foon gesels. Refilwe is gebore en het grootgeword in Tzaneen, in die Limpopo provinsie, en is die jongste van vier kinders. Haar pa het 'n passie vir reis gehad en en was lief daarvoor om dit met sy familie te deel.
- 2 Nà daardie vlug in 1994 Durban toe, was Refilwe oortuig dat sy 'n loods gaan word. Alhoewel haar ouers haar ongelooflik ondersteun het, het haar werklike probleme van buite die familie begin.
- 3 Refilwe het gemaklik toelating tot die Universiteit van Pretoria gekry, maar het besluit om 'n volle beurs vir die Mynbou Ingenieursprogram nie te aanvaar nie. Sy het toe by WITS vir die Lugvaart Ingenieursprogram ingeskryf, maar sy kon nog steeds nie die gevoel afskud dat sy eintlik in die lug hoort nie. Net 'n week voor sy Johannesburg toe moes ry om by die Universiteit te begin, het sy, met haar ma se volle ondersteuning, onttrek.
- 4 "In die lugmag het ek geleer dat jy eers deur basiese opleiding moet gaan. Dit neem ongeveer twee jaar voordat jy regtig eers kan vlieg." Haar tyd in die lugmag het daartoe gelei dat sy die grootste militêre helikopter, die Oryx, kon vlieg. Hierdie het vir baie hoogtepunte in haar lewe gesorg. Aan die stuur van die helikopter, het sy deelgeneem aan vloedverligting, brandbestryding en soek en reddingspogings. Die Oryx word ook gebruik om die president, adjunk-president en ander BBPs te vervoer.
- 5 "Gedurende my tyd in die lugmag het ek die destydse adjunk-president , Cyril

Ramaphosa, sowel as Jacob Zuma rondgevlieg,” het Refilwe gesê. "Gewoonlik sou hul, hul vliegtuig op 'n sekere plek land, maar dan moes hulle 'n sekere stat of skool of gemeenskap besoek. Ons het hulle dan vanaf die lughawe na die verskillende areas toe gevlieg. Die eerste keer was so onwerklik, ek vlieg letterlik dié nommer een in die land rond en toe ontmoet ek hulle. Ek was soos 'O Sjoel, dit is my lewe.' Dan land jy en jy wag vir hulle om klaar te maak waarmee hulle besig is.

- 6 Nadat Refilwe die lugmag verlaat het, het sy uiteindelik haar vlieglicensie gekry. Vandag is sy 'n Senior Eerste Offisier in die Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL), wat die Airbus A320 vlieg.
- 7 Ten spyte van die negatiwiteit wat sy ontvang het omdat sy 'n vroulike loods was, het Refilwe ook die positiewe dinge genoem. Sy het vir my gesê dat jong meisies gereeld op sosiale media na haar uitreik. Dit is vir haar lekker as mense haar na 'n vlug, in die kajuit kom groet en foto's neem. Hulle is gewoonlik verbaas dat dit 'n vrou is wat die vliegtuig gevlieg het. Kinders is veral geïnspireerd as hulle dit sien.

Aangepas van <https://www.news24.com/w24/work m: /jobs/ - 20220401>

1.1 In watter provinsie is Refilwe gebore?

- A Durban
- B Tzaneen
- C Limpopo
- D KwaZulu-Natal

(1)

1.2 Wanneer het Refilwe besluit om 'n loods te word? (Paragraaf 2)

- A na 'n familie uitstappie Tzaneen toe
- B na 'n rit Limpopo toe
- C na 'n vlug in 1994 Tzaneen toe
- D na 'n vlug in 1994 Durban toe

(1)

1.3 Wat is die betekenis van die woord “passie” in Paragraaf 1?

- A entoesiasme
- B vermaak
- C energie
- D ophef

(1)

1.4 Vir watter studierigting het Refilwe by WITS ingeskryf?

- A Mynbou Ingenieursprogram
- B Lugvaart Ingenieursprogram
- C Lugvaart skoolprogram
- D Lugvaart en vervoerprogram

(1)

1.5 Waaroor het Refilwe baie sterk gevoel? (Paragraaf 3)

- A Sy wou 'n beurs gehad het.
- B Sy wou ingenieurswese studeer.
- C Sy wou mynbou studeer.
- D Sy wou 'n loods word.

(1)

1.6 Watter woord dui daarop dat sy van plan verander het om die Mynbou Ingenieursprogram aan WITS te studeer? (Paragraaf 3)

- A wegdryf
- B verskyn
- C onttrek
- D afkeur

(1)

- 1.7 Hoe weet ons dat Refilwe die basiese opleiding in die lugmag suksesvol voltooi het? (Paragraaf 4)
- A Sy het die grootste militêre helikopter gevlieg.
 - B Sy het aan vloedverligting deelgeneem.
 - C Sy het 'n brandbestryder geword.
 - D Sy het 'n reddingswerker geword. (1)

- 1.8 Wat was die hoogtepunt vir Refilwe toe sy die Oryx helikopter gevlieg het? (Paragraaf 4)
- A deelname aan vloedverligting
 - B betrokkenheid by brandbestryding
 - C betrokkenheid by reddingspogings
 - D vervoer van die president (1)

“Hulle is gewoonlik verbaas dat dit 'n vrou is wat die vliegtuig gevlieg het.”
(Paragraaf 7)

- 1.9 Benoem die stylfiguur wat voorkom in die onderstreepte woorde.
- A vergelyking
 - B alliterasie
 - C personifikasie
 - D metafoor (1)

- 1.10 Watter stelling van Refilwe is 'n feit.
- A Refilwe is 'n briljante jong meisie.
 - B Refilwe is braaf en sterk.
 - C Refilwe is 'n Senior Eerste Offisier.
 - D Refilwe is bang om te vlieg. (1)

1.11 Hoekom het dit vir Refilwe 'onwerklik' gevoel om die land se president rond te vlieg? (Paragraaf 5)

- A Dit was haar eerste keer.
- B Dit was haar laaste keer.
- C Sy het dit gedroom.
- D Sy het geoefen. (1)

1.12 Watter stelling is onwaar?

- A Refilwe was nie deel van WITS Universiteit nie.
- B Refilwe se ma het haar ondersteun.
- C Refilwe het nie die adjunk-president vervoer nie.
- D Refilwe het haar vlieglisensie gekry. (1)

1.13 Wat is die verskil tussen die Oryx helikopter en die Airbus A320?

- A Die Airbus vervoer net soldate en die Oryx passasiers.
- B Die Airbus is 'n helikopter en die Oryx is 'n vliegtuig.
- C Die Oryx behoort aan die lugmag en die Airbus A320 aan die SAL.
- D Die Oryx behoort aan SAL en die Airbus A320 aan die lugmag. (1)

Refilwe het besluit om die beurs aan die Universiteit van Pretoria nie te aanvaar nie.

1.14 Wat is die betekenis van die onderstreepte woord?

- A ontvang
- B aangeneem
- C aangekom
- D weier (1)

‘Ten spyte van die negatiwiteit wat sy ontvang het omdat sy ’n vroulike loods was ...’

1.15 Hoe laat die bogenoemde stelling jou oor Refilwe voel?

- A verraai
- B trots
- C fantasties
- D simpatiek (1)

1.16 Wat is die hoofgedagte van Paragraaf 7?

- A Mense is geïnspireerd deur Refilwe se prestasie.
- B Mense stuur vir Refilwe boodskappe op sosiale media.
- C Mense gaan na die kajuit om haar te groet.
- D Mense gaan na die kajuit om foto’s saam met haar te neem. (1)

‘O Sjoel, dit is my lewe.’

1.17 Wat is die doel van die uitroepteken in bostaande sin?

- A Dit dui frustrasie aan.
- B Dit dui teleurstelling aan.
- C Dit dui opgewondenheid aan.
- D Dit dui dapperheid aan. (1)

1.18 Wat beteken die woord uiteindelik? (Paragraaf 6)

- A in die begin
- B in die oomblik
- C is haastig
- D aan die einde (1)

1.19 Wat dink jy is die skrywer se gevoel oor Refilwe se prestasies? (Paragraaf 6)

- A Die skrywer is moedeloos.
- B Die skrywer is teleurgesteld.
- C Die skrywer is trots.
- D Die skrywer is nie geïnteresseerd nie. (1)

1.20 Watter groep mense sal dit geniet om hierdie teks te lees? Mense wat ...

- A hulle drome wil volg.
- B bang is om te vlieg.
- C ingenieurswese studeer
- D wat die president wil ontmoet. (1)

‘Haar tyd in die lugmag het daartoe gelei dat sy die grootste militêre helikopter, die Oryx, kon vlieg.’ (Paragraaf 4)

1.21 Watter gevoel skep die onderstreepte woorde by die lesers?

- A Die lesers dink dat Refilwe dapper is.
- B Die lesers dink dat Refilwe arrogant is.
- C Die lesers dink dat Refilwe ryk is.
- D Die lesers dink dat Refilwe hardkoppig is. (1)

‘Vandag is sy ’n Senior Eerste Offisier in die Suid-Afrikaanse Lugdiens.’

1.22 Wat is die skrywer se toon in hierdie sin? (Paragraaf 6)

- A bewondering
- B dankbaarheid
- C krities
- D hartseer (1)

1.23 Hoe sien die jong meisies vir Refilwe op sosiale media? (Paragraaf 7)

- A as 'n rolmodel
- B as 'n lafaard
- C as 'n skoolverlater
- D as 'n sosiale vlinder (1)

1.24 Watter afleiding kan jy oor Refilwe maak in Paragraaf 7?

- A Sy spog oor haar prestasies.
- B Sy hou daarvan om op sosiale media te wees.
- C Sy waardeer haar ondersteuners.
- D Sy hou daarvan om foto's te neem. (1)

1.25 Watter gevolgtrekking kan jy maak nadat jy die teks gelees het?

- A Dit is beter om met die Airbus te vlieg as met die helikopter.
- B Volharding maak jou beroemd.
- C Meisies is gespesialiseerde loodse.
- D Deursettingsvermoë sal jou doelwitte laat bereik. (1)

[25]

Vraag 2: Taalstrukture- en konvensies

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die vader van inenting

Edward Jenner (1749 – 1823)

- 1 Die eerste inenting is deur 'n Engelse dokter, Edward Jenner, ontdek. Die grootste liefde in sy lewe was die voorkoming van pokke, dit het begin toe hy medies studeer het.

Gedurende die 18de eeu, was pokke een van die grootste bedreigings. Epidemies het gereeld uitgebreek wat duisende mense laat doodgaan het.
- 2 In Gloucestershire, waar Jenner gebly het, was daar baie stories dat mense wat koeipokke gehad het, nie pokke sal kry nie.
- 3 In 1796, na nog 'n uitbreking van die koeipokke, het Jenner begin eksperimenteer. Hy het die vloeistof uit die seer op die hand van 'n plaaswerker getrek en daarmee sy gesonde agtjarige seun ingespuut.
- 4 Die seun het koeipokke ontwikkel en twee maande daarna, het Jenner 'n baie belangrike besluit geneem. Hy het vloeistof, wat met pokke besmet was, vir sy seun ingespuut. Sy seun het nie siek geword nie.
- 5 Jenner het nog verskeie suksesvolle eksperimente met inentings gehad, maar dit het 'n hele paar jaar geduur voor hy die mediese wêreld kon oortuig. Sy werk is uiteindelik aanvaar en duisende mense is ingeënt. Die aantal gevalle van pokke het aansienlik verminder. Die parlement het vir Jenner 'n groot bedrag geld gegee vir sy navorsing.
- 6 Jenner is deur die wêreld vereer. Hy het baie toekennings gekry, maar hy het verkies om 'n rustige lewe te lei. Hy het teruggekeer huis toe en sy werk as 'n gewone dokter hervat. Hy het die voorreg gehad om voor sy dood te weet dat hy pokke oorwin het.

Aangepas van The New Junior World Encyclopaedia 1979

‘Die grootste liefde in sy lewe was die voorkoming van pokke.’

2.1 Identifiseer die abstrakte selfstandige naamwoord in die bostaande sin.

- A lewe
- B grootste
- C liefde
- D pokke

(1)

‘Epidemies het gereeld uitgebreek wat duisende mense laat doodgaan het.’

2.2 Die bostaande sin is ’n voorbeeld van ...

- A vraagsin
- B bysin
- C enkelvoudige sin
- D saamgestelde sin

(1)

‘Hy het baie toekennings gekry maar het verkies om ’n rustige lewe te lei.’

2.3 Kies ’n woord met dieselfde betekenis as die onderstreepte woord.

- A kalm
- B vervulde
- C geëerde
- D avontuurlike

(1)

‘Jenner het nog verskeie suksesvolle eksperimente uitgevoer.’

2.4 Gee die teenoorgestelde betekenis van die onderstreepte woord.

- A een
- B baie
- C min
- D oneindige

(1)

“Hy het teruggekeer huis toe en weer begin werk as `n dokter.”

2.5 Identifiseer die tipe frase wat onderstreep is.

- A bywoordelike frase van plek
- B bywoordelike frase van tyd
- C enkelvoudige sin
- D uitroepsin

(1)

Jenner het vloeistof in die seun ingespuut. Die seun het nie siek geword nie.

2.6 Watter sin dui die korrekte gebruik van die voegwoord ‘en’ aan?

- A Die seun het nie siek geword nie en Jenner het vloeistof in hom ingespuut.
- B Jenner het vloeistof in die seun ingespuut en die seun het nie siek geword nie.
- C Hy spuit pokke in die seun en hy het siek geword.
- D Jenneri spuit pokke en vloeistof in die seun in.

(1)

Hy het die vloeistof vir sy gesonde agtjarige seun ingespuut.

2.7 Kies die byvoeglike naamwoord in die bostaande sin.

- A vloeistof
- B gesonde
- C seun
- D ingespuut

(1)

‘Hy het die vloeistof uit ... seer op die hand van ... plaaswerker uitgetrek.’

2.8 Vul die oop spasies met die korrekte lidwoord.

- A en/n
- B en/die
- C die/n
- D of/en

(1)

Edward Jenner het die inenting ontdek.

2.9 Watter onderstaande sin is in die korrekte lydende vorm geskryf?

- A Die inenting was deur Edward Jenner ontdek.
- B Die inenting ontdek Edward Jenner.
- C Die inenting sal deur Edward Jenner ontdek word.
- D Die inenting is deur Edward Jenner ontdek.

(1)

Die aantal siektes van pokke het aansienlik verminder.

2.10 Wat is die betekenis van die onderstreepte woord in die bostaande sin?

- A klein
- B vermeerder
- C vinnig
- D stadig

(1)

2.11 Watter voorvoegsel vorm die teenoorgestelde betekenis van die woord suksesvol?

- A on-
- B anti-
- C ont-
- D her-

(1)

2.12 Watter sin bevat die korrekte vorm van die werkwoord?

- A Toe die volgende uitbraak gebegin het, begin Jenner eksperimenteer.
- B Toe die volgende uitbraak plaasvind, Jenner begin eksperimenteer.
- C Toe die volgende uitbraak plaasvind, begin Jenner eksperimenteer.
- D Toe die volgende uitbraak plaasvind, het Jenner gebegin eksperimenteer. (1)

‘In Gloucestershire, waar Jenner gebly het, was daar baie stories.’

2.13 Watter opsie verduidelik die korrekte gebruik van die kommas?

- A om ekstra informasie te gee
- B om 'n sin aan te dui
- C om items op 'n lys te onderskei
- D om 'n frase aan te dui (1)

2.14 Wie is die persoon wat die inenting uitgevind het?

Die onderstreepte woord is 'n voorbeeld van ...

- A 'n onbepaalde voornaamwoord.
- B 'n besitlike voornaamwoord.
- C 'n persoonlike voornaamwoord.
- D 'n vraende voornaamwoord. (1)

2.15 Watter woord is korrek gespel?

- A sukses
- B sukses
- C suksus
- D suksees (1)

2.16 Watter sin is in die korrekte verlede tydsvorm geskryf?

- A Dit het verskeie jare gewees voor Jenner se werk geaanvaar was.
- B Dit was verskeie jare geneem voor Jenner se werk aanvaar is.
- C Dit is verskeie jare geneem voor Jenner se werk aanvaar is.
- D Dit het verskeie jare geneem voor Jenner se werk aanvaar is. (1)

Jenner het vir die seun gevra: "Hoe voel jy?"

2.17 Watter sin is in die korrekte indirekte rede geskryf?

- A Jenner vra die seun hoe voel jy?
- B Jenner het die seun gevra hoe hy voel.
- C Hoe voel jy vra Jenner die seun.
- D Jenner vra die seun, "hoe het jy gevoel." (1)

2.18 Watter sin is 'n voorbeeld van stereotipering?

- A Alle dokters red lewens.
- B Dokters het opleiding nodig.
- C Sommige dokters is spesialiste.
- D Daar is verskillende soorte dokters. (1)

2.19 Kies die sin met die korrekte voorsetsel.

- A Die plaaswerker het in die plaas gewerk.
- B Die plaaswerker het naas die plaas gewerk.
- C Die plaaswerker het op die plaas gewerk.
- D Die plaaswerker het deur die plaas gewerk. (1)

‘Jenner is deur die wêreld vereer.’

2.20 Gee die letterlike betekenis van die woord ‘vereer’.

- A Hy het ’n fees ter ere van hom bygewoon.
- B Hy is geprys vir sy werk.
- C Hy is uitgenooi na partytjies toe.
- D Hy was by ’n wêreldwye byeenkoms.

(1)

[20]

Vraag 3: Visuele teks

3.1: Advertensie

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TERUG SKOOL TOE



ALWEER !!!



Moenie hierdie fantastiese aanbiedinge misloop nie!



- penne
- potlode
- sakrekenaars
- notaboeke
- skêre
- gom
- kokipenne
- skooltasse
- papier
- leërs
- kosblikke
- waterbottels



20%
KORTING

GEE VRYE TEUELS AAN JOU VERBEEIDING

Winkel 14
Unie gebou
Westthinghuis
Boulevard
Gqeberha



**Sarel se
Skoolbenodighede**

sarelskool@gmail.com
041 753 9000

Aangepas van: facebook.com/charmingchalkies

3.1.1 Watter produk word hier geadverteer?

- A terug skool toe
- B skoolverskaffers
- C sarel se skoolbenodighede
- D skryfbenodighede

(1)

3.1.2 Wie is die teikengehoor?

- A Ouers en leerders wat hou van bou.
- B Ouers en leerders wat 'n gebrek het aan verbeelding.
- C Ouers wat 'n 20% afslag op skryfbenodighede ontvang het.
- D Ouers wie se leerders beplan om terug te keer skool toe.

(1)

3.1.3 Hoekom word die woorde, 'Terug Skool Toe! Alweer!!!' in groot vetgedrukte letters geskryf?

- A om die gehoor se aandag te trek
- B om skoolbywoning te verhoog
- C om oor die skool te kla
- D om die leser te verwar

(1)

3.1.4 Identifiseer die stylfiguur 'Sarel se Skoolbenodighede'.

- A metafoor
- B vergelyking
- C alliterasie
- D klanknabootsing

(1)

3.1.5 Watter impak het die '20% Korting' plakker op die leser?

Die leser is oortuig dat ...

A 20% van die produkte is beskadig.

B koop nou sal jou 20% spaar.

C 20% van die produkte is verkoop.

D 20% van die produkte is gratis.

(1)

(5)

AFDELING B

3.2: Strokiesprent

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat daarop volg.



Aangepas vanaf: www.madamandev.co.za

Woordbetekenis

Bloedmonster: bloed wat ontleed word om uit te vind watter siekte jy het

3.2.1 In watter plek speel die strokiesprent af? (1)

3.2.2 Wat is die verhouding tussen die twee persone in die strokiesprent? (1)

3.2.3 Watter stemtoon gebruik die spreker in Raam 3? (1)

- 3.2.4 Waarom is die situasie in Raam 4 snaaks? (1)
- 3.2.5 Verduidelik in jou eie woorde wat in die eerste raam gebeur. (1)
- 3.2.6 Hoe voel die persoon wat by die bed staan in Raam 4?
Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
- 3.2.7 Wat is die boodskap van die strokiesprent? (1)
- 3.2.8 Mevrou het nie verstaan dat hulle dink dat sy is 'n monster is nie.
Was haar reaksie gepas en waarom? (2)
- [10]**

Vraag 4: Opsomming

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming oor die **positiewe invloed van groepsdruk**.

1. Skryf SEWE volsinne
2. Nommer jou sinne van 1- 7.
3. Skryf slegs EEN feit per sin.
4. Gebruik sover as moontlik jou eie woorde.
5. Jou opsomming moet tussen 50-60 woorde lank wees.
6. Dui die getal woorde wat jy gebruik het aan die einde van jou opsomming in hakies aan.
7. Jy hoef nie 'n titel vir jou opsomming te gee nie.

GROEPSDRUK KAN GOED WEES VIR JOU

Ons weet dat jou tienerjare baie rof kan wees. As tiener leer jy baie goed oor jouself. Dit kan 'n baie goeie ervaring wees wanneer jy deur moeilike tye gaan. Jou vriende kan jou help met probleemoplossing.

Om met verskillende groepe soos jou klasmaats of jou sportvriende te sosialiseer kan jou help om te sien hoe mense uitdagings hanteer. Dit is nie raadsaam vir tieners om op hul eie te wees nie, veral wanneer hul probleme ervaar.

Elkeen is verskillend, daarom het jy vriende nodig wat 'n positiewe invloed op jou kan hê. Dit is hoe jy nuwe ervarings gaan ervaar. Byvoorbeeld as jou vriend deelneem aan 'n nuwe sportsoort kan jy hom ondersteun deur die wedstryd te gaan kyk.

Vriende kan 'n sterk positiewe invloed op mekaar hê waar hulle 'n belangrike rol in mekaar se lewe kan speel. In 'n groep sal jy vriendskap, aanvaarding en rolmodelle vind. In hierdie sirkel van vriendskap sal jy sterk bande smee wat vir altyd sal hou. Soms is dit goed om die karaktertrekke van jou rolmodelle na te boots.

Wanneer jy vriende het, sal hulle jou aanmoedig om harder te werk veral as julle mekaar met huiswerk help of leer vir die eksamen. Vriende kan ook positiewe rolmodelle wees, soos iemand wat goed doen op skool. Dit sal jou aanmoedig om ook doelwitte te stel en jou beste te doen.

Jou vriende kan jou bystaan met die neem van belangrike besluite. Hulle sal jou gou vertel wanneer jy iets verkeerd doen of onverantwoordelik optree. Dit sal jou uit die moeilikheid hou.

Dit maak nie saak wat jy nou deurmaak nie, dit is goed om vriende te hê wat 'n positiewe invloed op jou kan hê.

Aangepas vanaf: Kidshealth.org

[10]

Einde van die toets